Sondag 25 Oktober
Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:7-11
Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:10

## Gawes in die gemeente – God se plan van aksie

Petrus bemoedig die gelowiges wat, ter wille van hulle geloof, vervolg is. Hy verseker hulle dat die Here hulle nie bloot aan hulle omstandighede uitlewer nie. In die eerste plek moet hulle verstaan dat die einde van alles naby is. Petrus se lesers, sowel as ons vandag, lewe in die laaste dae – die tyd waarin ons op die wederkoms wag. Die Here Jesus is gedurende hierdie tyd met ons op pad na die ewige Vaderhuis. In hierdie omstandighede, waar ons in Christus se lyding deel, moet elke gelowige selfbeheersd en nugter wees sodat ons kan bid. Toegewyde gebed is immers die bewys van ’n lewende geloof.

Verder versorg die Here diegene wat aan Hom behoort op ’n besondere manier. Hoe doen Hy dit? Hy gee aan elkeen wat deur ’n ware geloof in Hom ingelyf is ’n genadegawe om te kan dien: As goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God moet elkeen, namate hy ’n genadegawe ontvang het, die ander dien (vs 10). Die liefde tussen gelowiges word sigbaar sodra elkeen die gawe wat hy ontvang het, gebruik om sy/haar medegelowiges met die Here se liefde te bedien. Petrus verwys hier na twee groepe of tipes gawes, naamlik om te preek en om te dien. Sommige gelowiges kry die gawe van welsprekendheid en ander weer die gawe om praktiese hulp en bystand te gee. Met hierdie ryke verskeidenheid van gawes (vgl. 1 Kor. 12 en Rom. 12) bou die Here sy gemeente.

Gelowiges ondersteun, bemoedig en vermaan mekaar sodat die gemeente tot geloofsvolwassenheid kan groei en God in alles verheerlik word (vgl. Ef. 4:15, 16).

*Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Emeritus)*